

25 September

Romeine 8:26-30

Bid ek reg?

Kan u goed bid? Weet u altyd wat om te bid? Die gebed kan baie keer so vanselfsprekend word. Ons bid en bid ... en dit voel of dit maar net woorde bly. Maar dan moet God op 'n dag vir ons leer dat ons nie weet wat om te bid nie. As daar beproewing kom, ernstige siekte, swaar teenslae, hoe, wat moet ons bid? Soos Paulus. Hy weet dat die hele skepping sug dat Christus weer moet kom, dat alles volmaak moet word. Maar hy weet ook van die baie sondaars, die baie mense wat nog tot bekering moet kom. Kan ons die Here so ontmoet? Hoe, wat moet ek bid? Ons weet ons moet bid volgens Gods wil. Maar wat is die wil van God in my lewe? Dat ek gesond sal word of dat ek sal sterwe? Dat my geliefde swaarkry of die lewe geniet? Dat Christus se wederkoms naby of ver is? Dat ek iets sal kry wat ek baie begeer, of dat ek dit nie sal kry nie?

Here, wat moet ek bid? Sien u wat Paulus bedoel as hy sê ons weet nie reg wat om te bid nie? Ons weet nie eers wat ons nodig het nie! Daarom help die Heilige Gees ons in ons swakheid. Hy maak ons swakheid sy swakheid, ons gebedsnood sy gebedsnood. So word my gestamel 'n egte gebed voor God. Die Gees bid wanneer ek bid. Daarom moet ek my nie bekommer oor hoe ek moet bid nie, of my woorde nou presies reg is nie. Want die Gees weet wat ek nodig het en weet wat die wil van God is. Dit vra geloof. Geloof is ook om te weet dat die Gees my swakheid te hulp kom. Geloof in Christus, wat die skeiding tussen my en my Hemelse Vader weggeneem het, wat gekom het om juis ons krankhede op Hom te neem.

Sing: Psalm 123:1

Ds. R.G. Aucamp (Middelburg, KP)